

# Wenke vir die opstel van jou troueregister

Die opstel van 'n troueregister hoef nie ure se moeite te verg nie. Daar is nuwe maniere om dit in 'n japtrap te doen. **Carmen Jacobs** het meer hieroor gaan uitvind.

**T**roubeplanning het, net soos vele ander dinge, by moderne tye aangepas en daar is gelukkig nou nuwe, makliker en tydsbesparende maniere om jou troueregister op te stel.

Jy en jou geliefde hoef nie meer ure in 'n beknoppe winkel deur te bring om deurordes teestelle, eetgerei, skinkborde en wynglase te soek na die perfekte trougeskenke om op jul troueregister te sit nie.

Nicci Morris, 'n troubeplanner van Nicolette Weddings in Kaapstad, sê indien jy nog die tradisionele manier verkies om jou troueregisterinligting op uitnodigings te wil insluit, jy dit vroeg genoeg moet doen!

Volgens Nicci moet jy dan ten minste drie maande voor die tyd (wanneer jy jou uitnodigings uitstuur) besluit oor watter items jy graag op jou troueregister wil insluit, sodat dit betyds sal wees vir die uitnodigings.

“Ek sal aanbeveel dat jy 'n troueregister kies wat 'n groot

verskeidenheid van kosteopsies bevat sodat gaste van alle ekonomiese agtergronde 'n geskenk kan kies wat hul sak pas,” sê Nicci.

Nog 'n idee wat julle op die proef kan stel, veral indien julle reeds saambly en alles het, is om in plaas van huishoudelike artikels op die register te lys, eerder 'n troueregister by 'n reisagentskap of reisagent te laat registreer. Gaste kan hier 'n bydrae maak tot die wittebrood of 'n spesiale ervaring op die wittebrood, soos 'n rit in 'n lugballoon of reksprong, sê sy.

'n Ander opsie wat jou baie tyd gaan spaar, is om jou troueregister aanlyn te doen.

Izandi Serdyn, eienaar en troubeplanner van I DO, 'n troubeplanningsonderneming, sê: “Deesdae gebeur alles aanlyn, iets soos *yuppie chef* ('n aanlyn- kombuisware en huishoudelike toebehorewinkel) is 'n groot neiging.”

Izandi noem ook dat sommige bruide in die plek van ge-



Die geskenke wat jy by jou troue ontvang, is een van die vele hoogtepunte van jou groot dag. Omdat baie paartjies deesdae reeds saam woon wanneer hulle trou, is dit slim om 'n troueregister aanlyn of by 'n winkel te gaan opstel sodat jy nie iets kry wat jy dalk reeds het nie

Foto: PIXABAY.COM

skenke eerder koopbewyse van uitgesoekte winkels vra.

“Wanneer julle in 'n nuwe huis intrek, kan julle dan hierdie koopbewyse gebruik.”

Om vir kontant te vra is deesdae glad nie meer iets ongewoons nie. Izandi maan dat jy dit net op 'n mooi manier op jou trou-uitnodiging moet stel. “Dalk met 'n oulike sêding of eenvoudig met 'n ikoon van 'n koevert. Onthou net om die gas wat die koopbewys of kontant gee, met 'n mooi foto van die artikel wat jy gekoop het of persoonlike kaartjie te bedank,” voeg sy by.

Indien die idees van koopbewyse, kontant of donasies ge-

ter nie by jou aanklank vind nie en jy nog die outydse, tradisionele manier verkies waar gaste vir jou die geskenke op jou troueregister kan uitkies, is daar riglyne oor hoe jy jou register kan opstel.

## Hoe stel jy dit op?

Neem jou leefstyl en die huidige stadium van jou lewe in ag wanneer jy jou troueregister opstel.

Izandi sê: “Wil jy goed hê vir jou huis, koopbewyse om jouself dalk te bederf, wil jy gaan reis, of wat die geval ook mag wees, wees getrou aan jouself, dán sal jy weet wat om op die uitnodiging te sit.”